

LITURGIESE SANG OP DIE KRUISPAD TUSSEN TRADISIE EN VERNUWING¹

W M L Strydom²

SUMMARY

The renewal of liturgical singing has become an important issue in the Afrikaans-speaking reformed churches. In the process of renewal the theological essence and the ecumenical character of Christian liturgy should be kept in mind, as well as the present cultural shifts in the South African community, which include secularization and the post-modern outlook on life. A well-founded insight in the following aspects will secure a sound balance between tradition and renewal in a present day liturgical theology and practice: the historical background of the relationship between liturgy and singing, the liturgical function of singing, liturgical communication through singing, as well as a hymnological aesthetics and liturgical ethics.

OPSOMMING

Die noodsaak van die vernuwing van liturgiese sang word in die Afrikaanssprekende gereformeerde kerke algemeen aanvaar. Dit is noodsaaklik dat die theologiese essensie sowel as die ekumeniese aard van die Christelike erediens deeglik in ag geneem word in die vernuwingsproses. So ook die kulturele verskuiwings wat in die jongste verlede plaasgevind het in die Suid-Afrikaanse gemeenskap, onder andere die sekularisasie-proses en die post-moderne

- 1 Die skrywer het op 11 November 1996 'n voordrag na aanleiding van hierdie tema gelewer by BUVTON, Teologiese Kweekskool, Stellenbosch voor 'n gehoor van predikante en musici. Die artikel is 'n verdere uitbouing van daardie voordrag.
- 2 Dr. W. M. L. Strydom, Dept. Bybel- en Godsdiensteskunde, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein, 9300. Aan die begin van 1987 is ek formeel oorgeplaas na die destydse Departement Bybelkunde vanaf die Departement Musiek aan die UOVS. Terwyl my doser- en navoringsopdragte gehandhaaf is ten opsigte van Kerkmusiek, Himnologie en Liturgiek, beide aan die Departement Musiek en die Departement Diakoniologie, het ek ook 'n beperkte doseeropdrag aan die Departement Bybelkunde ontvang. Ek was dus bevoortreg om vir tien jaar onder leiding van en saam met Prof. Daan Pienaar te werk. Dit was vir my gelukkige akademiese jare, maar ook jare waarin my lewe verryk is deur die vriendskap van Prof. Pienaar. As departementshoof het hy my unieke akademiese situasie altyd simpatiek hanteer en hom beywer vir my akademiese belangte. Hy was 'n waardige, inspirerende, uiters menslike departementshoof. Hy was en is 'n vroom en gebalanseerde gelowige. Ek koester vir hom die hoogste agting en broederliefde, en bid hom geseënde en gelukkige jare as emeritus toe saam met Bettie.

lewensgevoel. Om te verseker dat 'n gesonde en teologies verantwoorde balans tussen tradisie en vernuwing gehandhaaf word in 'n eitydse liturgiese besinning en praktyk, sal daar deeglik kennis geneem moet word van die volgende aspekte: die historiese agtergrond van die verhouding tussen liturgie en sang, die liturgiese funksie van en liturgiese kommunikasie langs die weg van sang, 'n himnologiese estetika en 'n liturgiese etiek.

Dat daar 'n vernuwing ten opsigte van liturgiese sang by Afrikaanssprekende gereformerde kerke nodig is, hoef, myns insiens, haas geen motivering meer nie. Daar is immers die afgelope aantal jare baie besin en geskryf oor die noodsak van erediensvernuwing - en liturgiese sang is 'n integrale aspek van die Christelike erediens. Die ou slagspreuk van 'n gereformeerde kerk wat voortdurend reformeer, is ook in hierdie saak van deurslaggewende belang.

Die gevaa bestaan (enersyds) dat die kerk hom ten opsigte van die vernuwing van liturgiese sang kan verskans in 'n starre tradisionalisme wat die status quo ten alle koste wil behou. Andersyds kan daar gesondig word in die rigting van 'n teologies onverantwoorde, ongefundeerde vernuwingssmanie. Die sang word dan aangewend as medium vir eredienspopularisering. Teen albei hierdie uiterstes moet ten alle koste gewaak word.

Daar sal ook gevra moet word na die motief agter bepaalde sienings oor en praktyke van liturgiese sangvernuwing. Beide by die tradisionaliste én die populiste kán dit ten diepste gaan oor die instandhouding van die "corpus Christianum". Vir die cetersgenoemdes is dit belangrik dat die merkers van die tradisionele kultuur- en volkskerklike Christendom ten alle koste behou moet word. Een van hierdie merkers sou dan die tradisionele gereformeerde kerklied en -sang wees. Die populiste wil weer die "corpus Christianum" red deur die daarstel van 'n eitydse, massa-georiënteerde kultuur-Christendom. Die eredienslewe van die kerk moet daarom (ook musikaal) aanpas by die Amerikaans-geïnspireerde massakultuur van vandag. Net só sal mense immers na die eredienste gelok word en die kerke vol gehou word.

Maar is dit Bybels-legitieme motiewe? In hierdie hele saak moet die motief tog die opbou van die "corpus Christi" (liggaam van Christus) te wees. Die liturgiese sang (soos die hele erediens) behoort (o.a.) daarop gemik te wees om die groei na Christus toe (Ef. 4:15,16) te dien; om konsekwente dissipels van Jesus Christus te kweek; om gelowiges weerbaar te maak vir hulle taak in en met die oog op die uitdagings van die tyd en land waarin ons tans leef. Daartoe

is nog 'n verstarde tradisionalisme nog 'n vermaak-georiënteerde liturgiese populisme instaat.

By 'n verantwoorde besinning oor die vernuwing van liturgiese sang is dit daarom nodig om van meet af aan 'n aantal basiese uitgangspunte in die oog te hou:

- Die wese van die Christelike liturgie, soos dit vergestalt is in die lewe van die kerk van die eeu in haas alle tradisies, en soos dit eertyds gestalte behoort te kry, moet teologies begryp word. Ons as Afrikaanssprekende gereformeerde kerk is geneig om, onder die ban van 'n liturgiese rasionalisme, arm te wees aan liturgiese aanvoeling, styl en diepgang. Baie van ons eredienste sou eerder getypeer kon word as godsdienstig-didaktiese byeenkomste as eredienste in die eg-liturgiese sin van die woord.
Te veel van die eitydse vernuwingsspogings verraai weer op ander wyses ons gebrek aan liturgiese aanvoeling en styl.
Terwyl ons ons veral moet toespits op die verstaan van die gereformeerde liturgie in reformatoriese sin, moet ons ruimte laat vir gesonde bevragting uit ander tradisies.
- Die ekumeniese aard van die Christelike liturgie moet dus gehonoreer word. Enige vorm van liturgiese vernuwing (of andersyds : tradisionalisme) waardeur die Afrikaanse gereformeerde kerke hulleself opnuut isoleer, moet by die wortel afgesny word. Daar is veel eerder 'n behoefté aan ekumenies-liturgiese groei, aan brûe bou.
- Daar moet deeglik kennis geneem word van die kulturele verskuiwings wat die afgelope dekades plaasgevind het, ook in Suid-Afrika en onder Afrikaanssprekendes - wat nie in alle opsigte negatief beleef moet word nie.
- Die sekularistiese samelewing waarin die kerk homself tans bevind en waarbinne hy sy roeping moet vervul, kan nie weggewens word nie. In hierdie samelewing moet die kerk die kuns verstaan om, ook ten opsigte van die liturgie, volledig aards te wees (ons roeping is immers hiér), sonder om ooit wêreldslêr te raak. Met ander woorde, die versoeking moet weerstaan word om (enersyds) 'n sakrale of om (andersyds) 'n sekularisties-banale liturgiese praktyk (ook sangpraktyk) na te streef.
- Die post-moderne lewensgevoel van die eitydse Westerse mens kenmerk ook die lewensuitkyk en -styl van 'n groot persentasie Afrikaanssprekendes. Hierdie tipiese lewensgevoel van ons tyd moenie op 'n eensydige wyse as 'n gevaar vir die kerk (die liturgie, die kerkmusiek) gesien word nie. Ons moet dit eerder as 'n positiewe uitdaging aanvaar om die post-moderne

mens op 'n evangelies verantwoorde wyse te bedien en tot aanbidding te lei en te begelei, ook langs die weg van die lied.

Teen die agtergrond van al hierdie basiese uitgangspunte is dit nou nodig om aantekeninge oor liturgiese sang (met klem beide op die liturgiese én die sang) te maak (agttereenvolgens) vanuit historiese, funksionele, kommunikatiewe, estetiese en etiese aspek.

1. HISTORIESE VERLOOP

1.1 Tydens die eerste aantal eeue van die kerk se bestaan was liturgie en liturgiese sang feitlik sinoniem. Indien nie die totale erediens nie, was verreweg die grootste gedeelte van die erediens gesing. So is dit tans nog in die Ortodokse liturgiese tradisie.

Met die gang van die eeue het die aandeel van die gemeente in dié verband al minder geword. Nie net die eredienssang nie, maar die totale erediens het toenemend van die gemeente vervaag geraak, omdat

- die liturgiese taal, Latyn, vir die gewone kerkmense onverstaanbaar was
- die misterie van die misoffer (a.g.v. die transsubstansiasie leer) vir die gemeente ontoeganklik was. Huile (die sg. "laeci") was blote toeskouers van die heilige handelinge wat die ampte ("clericus") by die altaar uitgevoer het (die diensdoende priester met sy rug na die gemeente), en
- die koorsang (as die feitlike uitsluitlike liturgiese sangvorm) al meer ingewikkeld, professioneel en onverstaanbaar (t.o.v. taal én musiek) geword het.

1.2 Die reformatoriële liturgieë (Luther, Bucer, Calvyn) het die balans tussen die gesproke woord (in die volkstaal) en die gesonge woord (in die volkstaal) beklemtoon. In hierdie sterk dialogiese liturgieë was die gemeente (as God se volk van priesters) langs die weg van gemeentesang intiem betrokke by die verloop en ontplooiing van die liturgiese tweegesprek tussen God en sy volk.

1.3 As gevolg van die impak van die rasionalisme en die priëtisme het die Protestantse erediens sedert die sewentiende eeu egter al meer ontaard in 'n monologies-didaktiese, dogmatiese/moralistiese leardiens of revivalistiese bekeringsdiens, waarby die kansel die alles oorheersende middelpunt was. Die gemeente het "luisteraars" geword. Gemeentesang het sy tipiese liturgiese funksie verloor.

- Dit word 'n verposingsmoment. In Nederland (bv.) het dit mode geword om die sang aan die kondig met die woorde: "Wij zingen ter verpozing van uw gewijde aandacht" (vgl. Deddens 1986:16a). De Keyzer (1983:6) praat

in dié verband van die liturgie wat “‘even onderbroken’” word “voor het zingen van een liedje.” Sands (1991:3) praat van ‘n erediens waarin daar op hierdie wyse omgegaan word met die sang, as ‘n “hymn-sandwich” - die sang is bloot die “lekker vulsel” wat die liturgiese “vaste spyse” onderbreek en “meer verteerbaar” maak.

- In die meer piëtistiese en revivalistiese benadering word die sang bloot ‘n atmosfeerskepper: “softening-up technique, playing on sentiments and emotions” (White 1986:12). Ander skrywers tipeer hierdie gebruik van sang as “message lubricator” (Johanssen 1984:6) of “aural lubricant” (Leaver 1985:15). Dit moet die gemeente emosioneel kondisioneer met die oog op die ontlading wat in en tydens die prediking plaasvind.

1.4 In ooreenstemming met die huidige massakultuur funksioneer erediens-sang deesdae meermale op ‘n subtiele wyse as godsdiestige vermaakklikeidsmedium. Dit moet aanpas by die sekulêre “superster”-verbruikersmentaliteit. Die deursnee-smaak is die norm. Die erediens, en gevvolglik die evangelie, word via die lied gekomersialiseer.

2. DIE VERANTWOORDE FUNKSIE VAN LITURGIESE SANG

Twee uitgangspunte is in dié verband van wesenlike belang:

- Die erediens is ‘n dialogiese ontmoeting tussen God en sy gemeente
- Daar is geen prinsipiële verskil tussen die gesproke en die gesonge woord nie. Liturgies-funksioneel is hulle feitlik uitruilbaar. Dit het die liturgiegeschiedenis oor en oor bewys. Min van die liturgiese handelinge wat (deur die voorganger of gemeente) gesproke uitgevoer word, kan nie ook deur die gemeente (of die liturgiese koor) gesonge uitgevoer word nie.

Dus:

- Liturgiese sang is (soos die gesproke woord) die voertuig met behulp waarvan liturgiese handelinge uitgevoer word, en
- Liturgiese sang is ‘n kragtige liturgiese kommunikasiemedium.

Vanuit ‘n ander hoek gesien, sou dus gesê kan word dat liturgiese sang dien as:

2.1 Verkondigings- en kategesemedium

Die hele erediens staan in die teken van verkondiging. Hiertoe lewer die sang ‘n belangrike bydrae. Bowendien graveer die herhaalde sing van kerkliedere die evangelie in die gemoed en hart van gelowiges in van hulle prioste jeug af tot in die hoë ouderdom. Geen wonder nie dat die liedereboek van die kerk soms die “dogmatiekboek van die leke” genoem word. Deur die liedere kom die inhoud van die geloof op ‘n unieke en blywende wyse huis. Ons skuld dit aan

die kinders van die kerk om aan hulle 'n liedereskat te gee (en dit vir hulle aan te leer) met evangeliese substansie; liedere waarmee hulle die lewe kan aandurf en waardeur hulle geestelik gedra kan word tot in die ouderdom.

2.2 Responsmedium

Deur die lied antwoord die gemeente op God se spreke met lofprysing, aanbidding, danksegging, skuld- en geloofsbelofte, maar ook met smeking en klag. 'n Eensydige halleluja-vroomheid, wat altyd net ingestel is op lofprysing, doen afbreek aan die egte Bybelse vroomheid en aan die realiteit van Christenwees in die hiér en nou, wat ook die element van lyding en ken. In die gesonge gemeentelike respons moet die volle spektrum van die menslike spreke tot God verklank word.

2.3 Pastorale agent

Die Christelike erediens is die primêre gestalte van die kerk se pastoraat. En in die liturgiese pastoraat speel die sang 'n sleutelrol. Dit is 'n kragtige medium vir onderlinge bemoediging en geloofsbou (Trimp 1983:91vv; Brunner 1968:96). Routley (1978:98) verwys spesifiek na die "tiny miracle of healing people through church music". Die unieke terapeutiese vermoë en waarde van sang moet nooit uit die oog verloor word nie - spesifiek ook nie in die erediens nie.

2.4 Missionêre agent

Die erediens is die verbondsontmoeting tussen God en sy verbondsvolk. Tog is dit terselfdertyd 'n vergadering waarin die "buitestaanders of ongelowiges" (1 Kor. 14:23-25) ook teenwoordig kan wees (vgl. Hageman 1962:129; De Klerk 1982:20). Daarom moet die hele liturgie (dus ook die sang) "an expression before men of the redeeming work of God in Christ" wees. Dit moet "an adequate expression of (the) gospel" wees. Hageman (1962:129) gaan voort om te sê: "It is in the worshipping congregation that the world most readily discovers the gospel." Von Allmen (1962:79) sê van die totale erediens: "by the mere fact of its celebration, and because it is a power radiating joy, peace, freedom, order and love, it becomes an evangelizing force".

Vir liturgiese sang om oor 'n missionêre dimensie te beskik, impliseer dus nie soseer 'n unieke teksinhoud of 'n ander musikale styl of aanslag nie, maar het te doen met die "hoe" van die sanghandeling: Geesgeïnspireerd maar tog nugter en verantwoord, verstaanbaar, oortuigend (vgl. 1 Kor. 14:15-17).

R. H. Mitchell skryf in sy boek "Ministry and music" oor die "dysfunctional use", die "misuse" van sang in die erediens (1978:20-26). Wanneer sang onliturgies of liturgies onoortuigend gebruik word in die erediens, so beweer hy, beleef die gemeente die sang as "meaningless". Op die lang duur lei só 'n hantering van eredienssang tot "liturgical apathy" - totale liturgiese afstomping. De Keyzer (1983:6) teken dié tragiese prentjie: "Liturgie en muziek zijn helaas nog niet geïntegreerd. En als muziek aan liturgie voor je gevoel niets wezenlijks bijdraagt, waarom zou je dan moeite doen om te zingen ...?" Dit klink nogal bekend.

Op die kruispad tussen tradisie en vernuwing moet die uitspraak van Sands (1991:3,6) met erns bejoeën word: "We don't sing in liturgy. We sing the liturgy."

3. KOMMUNIKASIE LANGS DIE WEG VAN SANG

Kommunikasie is, van die menslike kant gesien, 'n deurslaggewende geheim vir sinvolle eredienste - eredienste wat 'n blywende verskil maak in die lewe van lidmate. Wanneer kla lidmate oor die doodsheid en koudheid van eredienste? Wanneer dit haper aan egte kommunikasie.

Kuns (dus ook liturgiese sang) beskik oor 'n unieke kommunikatiewe vermoë. Dit kan die werklikheid agter die spraakwerklikheid bo-rasioneel kommunikeer, die werklikheid wat onvertaalbaar is in woorde (spraak). Dit kommunikeer die wêrelf van gevoelens en verhoudinge (tussen persone onderling en persone en dinge). Hierdie vorm van kommunikasie verbreed en verdiep die menslike gees en bestaan.

Dit is die soort kommunikasie wat in die erediens behoort plaas te vind. Daarom behoort sang (en ander vorms van musiek) 'n belangrike rol in alle eredienste te speel.

Enersyds word hierdie verdiepte kommunikasie bevorder wanneer kerkliedere beskik oor 'n goeie woord-toon-verhouding: wanneer daar 'n sintese plaasgevind het tussen die teks en die musiek waarop dit gesing word. Dit vind (bv.) plaas wanneer die woord- en die musiekritme met mekaar klop, die teksfrasering en dié van die musiek ooreenstem, die musiek dieselfde "boodskap" (intensie, atmosfeer) oordra as die teks.

Andersyds word hierdie verdiepte kommunikasie langs die weg van sang gedwarsboom wanneer die musiek (en/of die teks) gekenmerk word deur

clichés (soos die geval is by verreweg die meeste pop- en gospelmusiek op die mark). Clichés (in musiek, soos ook in die woord) kommunikeer nie, maar funksioneer langs die weg van (oppervlakkige) emosionele manipulasie - 'n momentele emosionele tinteling. Dit frustreer dus gemoedsvernuwing en -verdieping. Dit verhinder persoonlikheidsgroei; bestendig die situasie van onmondigheid. "Kommunikasie" langs die weg van clichés is "vertaalbaar", want dit is sonder misterie (vgl. hierbo) (vgl. Marti 1982).

Een van die belangrikste vereistes vir 'n kerklied is dus dat dit telkens nuut en blywend moet kan aanspreek: inhoudelik, literêr én musikaal. Om liedere vanuit hierdie oogpunt te beoordeel, vra 'n bepaalde kennis en ervaring.

4. LITURGIESE SANG AS ESTETIESE HANDELING

By alle nadanke oor liturgiese sang, of dit ten opsigte van die tradisionele of van vernuwingstendense is, behoort die estetiese aspek 'n belangrike rol te speel.

Twintigste-eeuse gereformeerde estetici beklemtoon die uitgangspunt dat die estetiese nie maar net 'n saak vir die kunste is nie, maar betrekking het op die totale lewe van die mens. Volgens Calvin Seerveld (1974:11v) impliseer die Christelike estetiese niets minder nie as gehoorsaamheid aan God se roeping tot 'n Christelike lewenswyse op alle terreine. Dit vra dat daar erns gemaak word met die roeping tot lewensheiligung (Seerveld 1980:45,61). Volgens Rookmaker (1970:236-243) is Christelik-estetiese norme sinoniem met Christelike lewensnorme. Hy verbind dit aan Filippense 4:8. Om vanuit Christelike oogpunt esteties verantwoord te lewe, impliseer dus 'n lewenswyse met integriteit, egtheid, stylvolheid, dit impliseer afgerondheid, heelheid, onverdeeldheid, konsekwentheid en eenvoud van lewenswandel.

Dit alles geld vir die Christelike lewe. Dit geld eweneens vir die Christelike erediens en die liturgiese musiek.

Hierteenoor bespreek Franky Schaeffer in sy 1981-publikasie die ongelukkige werklikheid dat evangeliese Christene oor die algemeen nie 'n houding van estetiese verantwoordelikheid ten opsigte van die kerklike lewe openbaar nie. Inteendeel, hulle is "addicted to mediocrity". 'n Tragiese, onbybelse dualisme kenmerk die houding van Christene met betrekking tot (enersyds) die "sekulêre" lewe en (andersyds) die "godsdiensstige" lewe. "Daarbuite" geld net die beste, en verwag Christene net die beste van sakemanne, geneeshere,

bouaannemers, selfs van hulle bediendes. Binne die godsdiens geld die wet van middelmatigheid egter — alles mag maar benede peil wees. Hierdie uitgangspunt het ook betrekking op die erediens, die prediking en die liturgiese musiek (vgl. bl 21-31). Volgens Schaeffer getuig hierdie benadering eerstens van 'n gebrek aan waardering vir die heerlikheid en verskeidenheid van God se goeie skeppingswerk wat ons omring (evangeliese Christene is dikwels te "geestelik" om hulle met die skepping besig te hou), en tweedens van 'n sondige negering van die kreatiewe vermoëns wat Hy aan sy menslike skepsels (geskape na sy beeld) gegee het. Die estetiese moment word as "ongeestelik" afgemaak. Seerveld (vgl. 1974:11v) sou gesê het dat dit 'n geval is van "cultural disobedience".

Natuurlik is daar nie so iets soos eksakte estetika nie (soos daar bv. ook geen eksakte eksegesie is nie). Dit is nie iets wat met 'n termometer of gatsometer gemeet kan word nie. Daar is geen eksakte norme nie. Dit het alles te doen met mense se opvoedingsmilieu, hulle blootstelling aan uiteenlopende musiekvorms en -style en ander kunsvorms, aan die "fynere" dinge van die lewe. Dit kan (soos musieksmaak) dus doelbewus gekweek en uitgebou word. Natuurlik het persone met een of ander opleiding in die kunste 'n onmiddellike voorsprong. Christene moet daarvan etrus maak ter wille van die eer van die Here, eie persoonlikheidsverruiming, en ons roeping om mekaar se menswees voor God te dien en uit te bou. Dit geld veral vir diegene wat 'n leidende rol speel in die eredienslewe van die kerk.

In hierdie verband betoog Jones (1986:2,10) dat dit, by die estetiese beoordeling van eredienssang, nie gaan oor die subjektiewe kategorieë goed en sleg nie, maar oor die kategorieë "good" (goed), "indifferent" (onverskillig) en "trivial" (oppervlakkig). Ten diepste is die maatstaf wat bepalend is vir mense (liturgiese leiers) se benadering tot en hantering van eredienssang dus hulle verhouding tot God, tot die evangelie van genade, en tot die erediens as ontmoeting tussen God en sy mense.

Die liturgiese en himnologiese estetika is 'n omvattende en funksionele estetika. Dit is omvattend omdat dit die hele erediens behels, elke handeling daarvan - nie net die musiek nie. Dit sluit ook sake in soos die netheid van die gebou, die preekstyl en taalgebruik, die wyse waarop daar gebruik gemaak word van liturgiese simbole, rituele handelinge, kleurskemas en ameublement.

Dit is funksioneel omdat dit vra na die kwaliteit van liturgiese liedere (bv.) wat daartoe bydra dat hulle maksimaal sinvol, kommunikatief, oortuigend sal

kan funksioneer. Dit gaan ook altyd gepaard met 'n stylvolle hantering van die voordrag van liedere. 'n Funksionele estetika waak enersyds teen estetisme (elitisme, snobisme) en andersyds teen populisme en pragmatisme.

In die gereformeerde besinning oor estetika word 'n aantal normatiewe begrippe onderskei wat met vrug gebruik kan word by die keuring van liedere vir die erediens en by die beoordeling van die liturgiese sangpraktik (en ander aspekte van die liturgie) (vgl. Wolterstorff 1979: 85-87; 1980: 186-189; 1983: 134,135; Seerveld 1964: 50-58; 1980: 72-73; 130-135; Rookmaker 1970: 236-238; Strydom 1994a: 250-255; 1994b:69-74):

- gepastheid, wat, met betrekking tot die keuse en aanwending van kerkliedere, behoort te geld ten opsigte van die bepaalde liturgiese handeling wat deur die spesifieke kerklied verklank moet word, die tyd van die kerklike jaar, die tema van die bepaalde erediens, die behoeftes van die spesifieke gemeente (ens.);
- eenvoud (beskeidenheid, ongekunsteldheid), wat staan teenoor die ingewikkelder en weelderige;
- nugterheid as die teendeel van sentimentaliteit, triomfalisme, of sakraliteit;
- matigheid/beheersdheid, wat oordadigheid, opgesmukheid en bombasme uitsluit;
- verstaanbaarheid, wat betrekking het op deursigtigheid, direktheid, appél, kommunikatiewe trefskrag;
- genuanseerdheid, subtiliteit, speelsheid (Seerveld noem dit "allusiveness"), wat staan teenoor 'n verbeeldinglose, blatante, een-dimensionele of formalistiese, lewenslose benadering;
- eerlikheid, waarheid, egtheid, wat die teendeel is van gemaaktheid, vertoon ("make believe"), soos wanneer 'n bombastiese melodie moet vergoed vir 'n niksseggende teks, of 'n diepsinnige teks getoonset word met 'n musikaal banale of sentimentele melodie.

Al hierdie dinge impliseer nie dat daar slegs een, spesifieke gereformeerde-liturgiese kerkmusiekstyl is wat as estetiek verantwoord beskou moet word nie. Elke styl (lied) moet op sy eie meriete beoordeel word, soos ook elke uitvoeringswyse van elke lied en elke liturgiese situasie waarin 'n bepaalde lied funksioneer.

5. WAT VAN DIE LITURGIESE/HIMNOLOGIESE ETIEK?

Die vraag na die liturgies-verantwoordelike estetika roep vanselfsprekend ook die etiese aspe na vore (Strydom 1994a:259-262; 1994b: 77-80).

5.1 Die liturgiese lewe van die kerk in al sy fasette impliseer 'n verantwoordelikheidsbesef by alle betrokkenes. Dit vereis 'n gesonde arbeidsetiek. Om liturgies te vier, is harde werk ten opsigte van beplanning, inoefening en uitvoering. Alhoewel dit wat in die erediens plaasvind ver bo die kultuur uitstyg, is liturgieviering (as menslik aktiwiteit) tog óók 'n kultuurhandeling. Dit vereis dus 'n Bybelsgeoriënteerde kultuurvisie - wat nie maar alle kultuuruitinge van die dag aangryp en in die erediens indra nie - sowel as aktiewe gehoorsaamheid aan God se kulturopdrag: om op 'n verantwoordelike wyse liturgies-kultureel kreatief besig te wees.

5.2 Die Heilige Gees gee aan gelowiges bepaalde gawes sodat hulle (o.a.) die eredienslewe van die kerk daarmee kan dien - óók die gawe van musiekskepping en -beoefening. Hierdie gawes moet inderdaad beoefen word, maar ook geoefen, ontwikkel, geslyp word. Uiteindelik sal die Here van ons vra om verantwoording te doen van ons tentmeesterskap in dié verband.

5.3 In sy 1984-publikasie bekyk Calvin Johansson die veteistes vir en uitdagings van 'n pastorale kerkmusiekbediening, wat vanselfsprekend ook die liturgiese sang insluit. Hy onderstreep (:79-85) twee onontbeerlike uitgangspunte wat ten alle tye behoort te geld ten opsigte van almal wat by die eredienslewe betrokke is (voorgangers, musiekleiers en gemeente).

- die "doen jou bes"-beginsel, en
- die groei-beginsel. Nooit mag die houding van "we have arrived" gehuldig word nie. Die "status quo" is nooit goed genoeg nie. Die eis van "nog beter" bly altyd geldig.

5.4 Wanneer Wolterstorff (1979:86v) die spanning bespreek wat meermale voorkom in die kerk oor die gebruik enersyds van tradisionele en andersyds van eietydse musiekstyle en -vorms, maak hy die veelseggende stelling: "Music is loves greatest test". Pastorale liefde moet ten alle tye 'n deurslaggewende norm wees by die bepaling van beleid en by die liturgiese-himnologiese implementering van musiek in die gemeentelike praktyk. Die vraag moet wees: wat voorsien in wesenlike behoeftes (van die jeug, die ouer lidmate, ens.)? Wat dien tot onderlinge opbou, tot geloofsgroei, tot die groei in outentieke menswees voor God?

5.5 Die Christelike erediens is in sy wese dialekties van aard, want dit is (o.a.) 'n goddelike én 'n menslike, 'n hemelse én 'n aardse, 'n historiese én 'n eietydse, 'n estetiese én 'n funksionele handeling (vgl. Strydom 1984b:79; 1984a:261, 262; 276-278). Die liturgiese estetika, met sy veelkantigheid, dra by tot hierdie gesonde innerlike spanningsdinamiek wat die eredienslewe in al sy fasette (ook die musiek) behoort te kenmerk; wat noodsaklik is vir sinvolle, dinamies-kommunikatiewe eredienste. Johansson (1984:107-110) praat van die "contrapuntal dynamic" wat die taak van die kerkmusikus (en almal wat leiding neem in die eredienslewe) behoort te kenmerk³. "In making his everpresent, unavoidable musical decisions and judgements, the church musician must learn to weigh the relative merits of one action against the other in the light of theological propositions and counterpropositions within a given situation ... A church musician's stance cannot be a hard and fast one. There will be movement and countermovement. It will be dynamic", so betoog hy.

5.6 Om leiding te neem op die terrein van kerkmusiek(-sang) op die kruispad tussen tradisie en vernuwing is geen maklike saak nie. Dit vra konsekwente teologies- en praktiese-liturgiese dissipline. Dit verg verbeeldingskrag en kreatiewe vaardigheid. Dit verdra geen gemaksug nie: die volg van die weg van die minste weerstand. Dit vereis intendeel geestelike gespierdheid, die gewilighed om offers te bring, harde werk.

³ Johannsson sluit met die term "contrapuntal dynamic" aan by die kontrapuntale benadering tot musiekkomposisie, wat hy soos volg definieer (1984:108): "A dialogue is set up between ... horizontal (melodic) lines and the resulting vertical (harmonic) chords, thus shaping the particular design of the musical fabric (texture)". Piston (1950:9) definieer musikale kontrapunt as "the interplay of musical agreement and disagreement".

BIBLIOGRAFIE

BRUNNER A

1968. *Musik im Gottesdienst. Wesen, Funktion und Ort der Musik im Gottesdienst* (2. Aufl.). Zürich: Zwingli.

DEDDENS K

1986. *Herstel kwam uit Straatsburg*. Goes: Oosterbaan & Le Cointre.

DE KEYZER A

1983. *Tussen de regels, commentaar bij een twintigtal liturgische gezangen*. Hilversum: Gooi & Sticht.

DE KLERK J J

1982. *Liturgiese grondlyne*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

HAGEMAN H G

1962. *Pulpit and table*. London: SCM.

JOHANSSON C M

1984. *Music and ministry. A biblical counterpoint*. Peabody: Hendrickson.

JONES I H

1986. *Church music—good, indifferent, trivial*. Methodist Church Music Society: Occasional Papers, new series 8.

LEAVER R A

1985. The theological character of music in worship, in: Leaver, R A & Litton, J H (eds), *Duty and delight: Routley remembered*. Norwich: Canterbury Press.

MARTI A

1982. Kunst und Kitsch als Problem der Hymnologie. *JLH* 26:175-184.

MITCHELL R H

1978. *Ministry and music*. Philadelphia: Westminster.

PISTON W

1950. *Counterpoint*. London: Gollancz.

ROUTLEY E

1978. *Church music and the Christian faith*. London: Collins.

SANDS E

1990. *The use of hymns in liturgy*. Paper, Hymn Society of Great Britain and Ireland.

SCHAEFFER F

1981. *Addicted to mediocrity. 20th century Christians and art.* Westchester, Illinois: Crossway Books.

SEERVELD CG

1974. *A turnaround in aesthetics to understanding.* Toronto: Institute for Christian Studies

1980. *Rainbows for the fallen world. Aesthetic life and aesthetic task.* Toronto: Tuppence.

STRYDOM WML

1994a. "Sing nuwe sange, nuutgebore." *Liturgie en lied.* Bloemfontein: Departement Musiek (Afdeling Kerkmusiek), UOVS.

1994b. *Besinning rondom die ontwerp van 'n Protestantse-binnologiese estetika.* Acta Academica, Supplementum 1994 (1)

TRIMP C

1983. *De gemeente en haar liturgie.* Kampen: Van den Berg

VON ALMEN J J

1965. *Worship, its theology and practice.* New York: UOP.

WHITE JF

1986. The missing jewel of the evangelical church. *Ref J* 36(b): 11-16

WOLTERSTORFF N

1979. *Choir and organ: their place in reformed liturgy.* Unpublished paper. Grand Rapids: Christian Reformed Church.

1980. *Art in action. Toward a Christian aesthetic.* Grand Rapids: Eerdmans.

1983. *Until justice and peace embrace.* Grand Rapids: Eerdmans.